

DIE SKIETLOOD

Uitgawe 119 - 8 September 2017
saam met Koersvas 119



NGB ARTIKEL 12

Na belydenis aangaande Jesus Christus en die Heilige Gees, beweeg die NGB nou van God na die skepping. Hierdie Drie-Enige God wat ons bely, staan in 'n sekere verhouding met die kosmos. Hierdie verhouding word deur die aard en aktiwiteite van God bepaal. Dit is nie eie aan die aard van die skepping om 'n verhouding met God te bepaal nie. Indien die heelal die verhouding met God sou bepaal, sou dit beteken dat die heelal God geskep het – dit is inderdaad so ten opsigte van alle afgode. God se bestaan is buite die skepping, God is onafhanklik van die skepping. Die NGB wil nou iets stel oor die aard, omvang, funksies en doel van die skepping. God het nie geskep en toe as belangelose toeskouer teruggetree nie. Die skepping is met 'n doel voor oë in aansyn geroep. God het nie die skepping daargestel en alles vooraf geprogrammeer en nou loop die program af nie. God het doelmatig geskep en is steeds betrokke by die skepping. Psalm 103:21 *“Loof die Here, alle hemelwesens wat Hom dien en sy wil doen!”* Daar is geen groter vreugde as die vreugde van daardie entiteit wat sy doel bereik het nie. Die skepping is daar om God te eer en te dien. Daar is tog dele van die skepping wat nie aan hierdie wekroep gehoor gee nie. Daar is sekere dele van die skepping wat 'n alternatiewe bestaan het en alternatiewe aandag moet geniet. Artikel 12 begin met belydenis oor die skepping van alles uit niks, dan word die doelmatigheid van die skepping en die feit dat God dit onderhou, genoem. Daarna kom die skepping van die onsigbare

onder die loep met die vierde deel as stelling oor die val van engele en die bestaan van demone.

DIE SKEPPING VAN ALLE DINGE, VERAL VAN DIE ENGELE

Ons glo dat die Vader, toe Hy dit goedge-dink het, deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun, die hemel en die aarde en alle skepsels uit niks geskep het. Hy het aan elke skepsel 'n eie wese, gestalte en voorkoms en onderskeie take gegee om sy Skepper te dien. Hy onderhou en regeer hulle almal nou nog deur sy ewige voorsienigheid en oneindige krag om die mens te dien, sodat die mens sy God kan dien; en Hy het ook die engele goed geskep om sy boodskappers te wees en sy uitverkorenes te dien.

Sommige van die engele het uit die verheuenheid waarin God hulle geskep het, in die ewige verderf geval, maar die ander het deur die genade van God in hulle oorspronklike toestand volhard en staande gebly. Die duiwels en bose geeste het só ontaard dat hulle vyande van God is sowel as van alles wat goed is.

Soos moordenaars loer hulle op die kerk - ook op elke lidmaat - om dit met alle mag in die verderf te stort en om alles deur hulle bedrieëry te verwoes. Daarom staan hulle deur hulle eie boosheid veroordeel tot die ewige verdoemenis en verwag hulle daagliks hulle verskriklike pyniging. Daarom verfoei ons ook die dwaling van die Sadduseërs, wat ontken dat daar geeste en engele is; ook verwerp ons

die dwaling van die Manigeërs, wat sê dat die duiwels hulle oorsprong uit hulleself het en reeds van nature sleg is en nie sleg geword het nie.

Elke segment van die belydenis sal as aanduiding van die tema in **vetdruk** gestel word. Die bespreking van die artikel gaan dan in gewone skrif gedoen word.

Ons glo dat die Vader, toe Hy dit goedge-dink het, deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun, die hemel en die aarde en alle skepsels uit niks geskep het.

Kolossense 1:16 *“God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep.”*

Met die bespreking van die Triniteit het ons reeds gesien dat God Drie-Enig betrokke was by die skepping. Hierdie feit is herhaal by die besprekings van die Seun en die Heilige Gees. Hierdie punt word hier net weer onderstreep om die Triniteit se betrokkenheid by die hele skepping van die begin van die kosmos af te beklemtoon. In wat volg, gaan alternatiewelik ook na die skepping verwys word as die kosmos, om sodoende God se daad van die produk te onderskei. Die terme bly somtyds uitruilbaar en sal so gebruik word.

Die kosmos is nie die produk van ‘n gier of ‘n nagedagtenis nie. Die skepping is die produk van God wat dit goedge-dink het om te skep. Die skepping is nie ‘n toevalligheid of ‘n byproduk nie, dit is die produk van God wat sy wil en gedagtes gerig het daarop om die kosmos in aansyn te roep. Hierdie belydenis dien as troos in ‘n tyd waarin die oerknal as

lukraak gebeurtenis aan ons voorgehou word as die rede vir die bestaan van die kosmos. Dit dien ook as antwoord op die evolusioniste wat oorlewing van die sterkste (of soortgelyke ‘natuurlike’ meganismes) voorstel om die verskeidenheid van spesies te verduidelik. Die mens se bestaan is nie die produk van toevalligheid nie, die mens bestaan omdat God dit goedge-dink het om die mens te skep. Die kosmos is die produk van ‘n wilsbesluit, nie ‘n toevalligheids-ryk nie. Selfs ongelowiges sien doel en ontwerp in die kosmos raak, soos blyk uit die IO (Intelligente Ontwerp/er) beweging se denke.

Die radikale aard van die skeppingsgebeurtenis word beklemtoon deur aan te dui dat God alles uit niks geskep het, deur sy Woord. God het nie materiaal in die heelal ontdek en toe die kosmos omvorm tot dit wat ons vandag gewaar en ervaar nie. God het **materiaal en vorm geskep**, nie net vorm aan materie gegee nie. Diegene wat die ewige bestaan van materie wil veronderstel, gee nie die erkenning aan God as die EEN wat alles (uit niks) geskep het nie. Dit is nie binne die bestek van hierdie stuk om die sogenaamde oerknal en verwante teorieë te bespreek nie. Dit is tog opvallend dat van die nuutste benaderings suggereer dat daar niks was nie, toe skielik iets en toe vind die oerknal plaas.

Die skepping is ook ‘goed’. Die teks van die NGB impliseer dat God se ‘goedge-dink’ meer is as net aanduiding van doelmatigheid. Dit dui ook op die goedheid van die produk self. God het geskep, netjies geskep, ‘n netjiese kosmos geskep. Die fyn harmonie van die kosmos is die produk van God wat goed oor die taak gedink het en goed gedoen het in die daarstel van die kosmos. Die

skeppingsverhaal in Genesis 1 stel by herhaling dat dit wat God geskep het, goed was. Anders gestel, die kosmos se bestaan is nie redeloos en doelloos nie, die kosmos is die redelike produk van God se skeppingswerk. Jesaja 40:26 “*Kyk op na die hemel: wie het die sterre geskep? Hy wat die hemelse leër laat uittrek in hulle volle getal, dit is Hy wat hulle elkeen gemaak het. Met sy groot krag, sy groot mag, sorg Hy dat geeneen van hulle ontbreek nie*”.

Hy het aan elke skepsel ’n eie wese, gestalte en voorkoms en onderskeie take gegee om sy Skepper te dien.

God se skeppingswerk was nie ’n breë trek van ’n verfkwas nie. Die skeppingswerk fokus op elke skepsel, elke deeltjie van die skepping. God se bemoeienis met die kosmos sny tot die diepste individuele entiteit. God se noukeurige werk in die skepping sluit alle aspekte van bestaan in. Die uniekheid van elke skepsel is nie te vinde in homself nie, dit is ’n produk van weldeurdagte skeppingswerk. Elke skepsel het ’n eie wese, ’n eie identiteit. Daarmee saam het elk ’n eie gestalte en voorkoms. Die doelmatigheid van voorkoms van skepsels word deur vele evolusioniste toegeskryf aan mutasies en oorlewingstrategieë. Ons bely dat God in Sy weldeurdagte skeppingswerk elke deel van die kosmos uniek ontwerp en daargestel het. Dit bring ons dan by die funksie van die onderdele van die kosmos en daarmee saam die kosmos in geheel. Elke deel van die skepping dien God as Skepper selfs al beteken dit net dat elke deel van die skepping na ontwerp funksioneer. Hierdie diens aan die Here is gekoppel aan Sy wil – wat wil Hy dat die skepping moet wees en doen? Die

skepsels doen dit waarvoor God hulle ontwerp het. Dit is teen hierdie agtergrond dat sonde nuwe en dieper betekenis kry. Die skepsels dien God, elk na eie ontwerp. Hulle tref die merk, doen waarvoor hulle geskep is. Enige deel van die skepping kan deur die mens misbruik word om sonde te doen, maar sonder menslike ingrype funksioneer skepsels presies na ontwerp, tref hulle die merk. Sonde se oorspronklike betekenis is om die merk te mis. Die mens is die sigbare deel van die skepping wat nie na ontwerp ideaal funksioneer nie.

Die Psalms roep verskillende dele van die (volgens ons) redelose skepping op tot lof aan God. (*Psalm 98:7-8 “Die see en alles daarin moet druis, die aarde en alles daarop moet juig, die riviere moet hande klap, die berge moet saam juig”*). Die kosmos is nie net ’n entiteit wat sonder doel bestaan nie, die kosmos het ook nie ’n eie doel in homself nie (het nie eie bestaan ten doel nie). Die kosmos se doel word deur God self gegee.

Hy onderhou en regeer hulle almal nou nog deur sy ewige voorsienigheid en oneindige krag om die mens te dien, sodat die mens sy God kan dien;

Hierdie diens aan God het ’n afgeleide betekenis. God word gedien deur die mens te dien. Die betroubaarheid van die skepping is aan God te danke. God se skeppingswerk word steeds deur Hom onderhou. Die kosmos is met ander woorde steeds onder God se hand, steeds besig om deur die Skepper onderhou te word. Die doel met die onderhou van die skepping is sodat die mens gedien kan word en sodat die mens geleentheid het om God te dien. Die skepping word met ander woorde onderhou sodat daar ’n ideale ruimte en

geleentheid vir die mens is om God te dien. Die verbintenis tussen die lot van die mens en die skepping kom op besondere manier aan die orde in Romeine 8:21,22 *“Die skepping is immers nog aan verydeling onderworpe, nie uit eie keuse nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte van hoop gegee: die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom van die heerlijkheid waaraan die kinders van God deel sal hê.”* Die versoening wat God in Christus

bewerkstellig het ook ‘n impak op die skepping. Kolossense 1:19.20 *“God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen.”*

Hierdie is die eerste deel van die bespreking oor Artikel 12 van die NGB. Volgende kewer word die Angelologie bespreek.